NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

29 Oktober 2021: Nr 38/2021

Warmnuus

❖ Legitimasie (UP)

Kobus Myburgh, Predikant vir Kerkeie Opleiding, skryf: Die legitimasie van ons finalejaarstudente is 'n hoogtepunt in ons jaarprogram. Namens die Kuratorium van die NG Kerk wil ons almal uitnooi om hierdie geleentheid saam met ons te beleef.
Dit vind plaas op Donderdag, *11 November 2021* om 19:00 by die NG Gemeente Universiteitsoord.
Vir **enige navrae**, kontak asseblief Lizette van der Kooi by 012 420 2892 of ngkerk@up.ac.za.

❖ Videos: So glo, leer en getuig ons...

Gustav Claassen [Algemene Sekretaris] skryf soos volg:
Die dagbestuur van die Algemene Sinode Moderamen [ASM] het bewus geword van die onsekerheid ten opsigte van die oortuigings, standpunte en werkswyse van die NG Kerk. Die dagbestuur het vervolgens besluit om 'n reeks videos beskikbaar te stel waarin lede van die Moderamen en sy Taakspanne, asook dosente van die NG Kerk aan die ekumeniese fakulteite met die titel: So glo, leer en getuig ons… Die NG Kerk se oortuigings, -praktyke en prosedures. Die dagbestuur vertrou dat die ***videos*** benut sal word deur leraars en kerkrade om die NG Kerk se standpunte te belig, te bespreek en perspektief te bied waar dit nodig is.

* Al die **videos** sal by die volgende skakel beskikbaar wees soos wat dit vrygestel word: https://bit.ly/3m3ZiTI.

Die identiteit van die NG Kerk – Nelis Janse van Rensburg: Kliek hier	***Hoe gaan ons om met ons verskille*** – Maartje van der Westhuizen: Kliek hier	***Geregtigheid, Humanisme, Menswaardigheid*** – Robert Vosloo: Kliek hier

 Christus het opgestaan – Marius Nel: Kliek hier.	 ***Die NG Kerk en Teologiese Opleiding*** – Frederick Marais: Kliek hier	 ***Wat behels die 2019 besluit oor selfdegeslagverhouding*** – Dewyk Ungerer: Kliek hier
 Gereformeerde Skrifbeskouing en hantering – James Kirkpatrick: Kliek hier	 ***Geskiedenis van "regsinnigheid" sowel as "vroomheid" in die NG Kerk –*** André Olivier: Kliek hier	 ***Die rol en aard van die belydenis-skrifte*** – Jan Lube: Kliek hier

Sinodenuus

❖ Belangrike datums:

* **ASM-vergadering**: *2-4 November*
* **Legitimasie UP**: *11 November* om 19:00 by Universiteitsoord

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *02 November*
Skriflesing: **Heb 9:24-28**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join. Zoom Meeting [Kliek hier]; **Meeting ID**: 921 9767 1478;
Password:453371

❖ Saakgelastigde

Rehan Rheeder (Villieria) is by die onlangse SDR-vergadering as deeltydse Saakgelastigde in die plek van **Johan Kruger**, wat in April 2022 sewentig word, aangewys. Die Noordelike Sinode gaan vanaf 1 Januarie 2022, 30 ure per week van Rehan se tyd by sy gemeente uitkoop. Hy sal amptelik op 1 Mei 2022 as Saakgelastigde oorneem.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Emeritaat

Thom Schutte [Krokodilrivier] se afskeidsdiens vind op Sondag *31 Oktober* om 08:30 plaas. Hy en sy vrou **Marlene**, gaan hulle op Brits vestig.

❖ Beroepe

<<< Vaalwater het vir [prop] **Jan Coetzer** [Durbanville] beroep

Rustenburg-Suid het vir [prop] **Bianca Steyn** beroep. **>>>**

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

03/11 Eric Scholtz [Lynnwood]
05/11 Johan Scholtz [Montana]
06/11 Paullet Grobler [Pierneef]

****

03/11 Lizanne Roux [Eggenote van Dewald Roux, Vorentoe]
05/11 Antoinette Viljoen [Eggenote van Christo Viljoen, Quaggapoort]
Desiree Oosthuyzen [Eggenote van Theo Oosthuyzen, Marikana]
06/11 Marietjie du Plessis [Eggenote van Jannie du Plessis, Emeritus]
Dianda Snyman [Eggenote van Fritz Snyman, Universiteitsoord]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Marondera-Rusape [01/11/1951]
Tuinrand [04/11/1960]
Koedoeskop [04/11/1957]
Montana [06/11/1974]
Wesmoot [06/11/1954]

Excelsus

❖ Kursusse / werkswinkels



Church Unusual: Lessons from the pandemic
Presented by Ekklesia

Die *aanlyn* konferensie is gebasseer op die boek *"Covid-19 in congregations and Communities"*, deur Ian Nell.
Datum: *10 November*.
* Vir die **volledige inligting:** kliek hier
* Om te **registreer:** kliek hier.

Opleiding van Begeleiers van Bedieningsdiagnose: Uitgestel!

Neem asseblief kennis dat dié werkswinkel wat geskeduleer is vir ***11 en 12 November*** uitgestel word na *24 & 25 Februarie 2022*. 'n Uitnodiging met die nuwe datum sal in Januarie uitgestuur word.

Boekbespreking

Jy word vriendelik uitgenooi om deel te neem aan die boekbespreking van George Hunsinger se **The Eucharist and Ecumenism: Let us Keep the Feast**.
Die aanlynsessies vind op *26 Oktober, 2 November, 9 November en 16 November* om 14:00 plaas. **Inligting >>>**
Sprekers: Martin Laubscher, Jacobus de Bruyn, Dieter de Bruin.
Kyk gerus na die **agtergrondvideo** rondom die tema. [Kliek hier].
Registreer by hierdie skakel.

Digitale Learning Community

E-Kerk nooi jou graag na hierdie gratis geleentheid toe op **Donderdag** *4 November [10:00-12:00]*.
Die tema is "**Een lewe van Integriteit: Die geheime én publieke lewe van 'n gelowige**". 'n Lewe van integriteit is van kardinale belang vir geestelike leiers asook vir elke gelowige. Die sinkronisering van ons publieke en geheime lewe volgens God se wil. Kom reis saam die oggend van die 4de November waar ons na verskeie geestelike leier luister en kyk die oggend wat gesels oor hierdie tema. [Kliek hier vir volledige inligting en om te registreer].

Ander nuus

❖ HospiVision

Upcoming Webinars

Becoming serious about Self Care - dr Jakes Carnow Date: *6 November* Time: 10:00-14:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*	**Caring for the Caregiver** Presenters: dr Line Rudolph & Mrs Dedrie Nel Date: *12 November* Time: 09:00-12:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*	**Welcome to the Board** A webinar on Board Governance by Dr. Riaan Oelofse Date: *20 November* 2021 Platform: Microsoft Teams Cost: R600 and delegates will get a copy of his book. *Learn More*	**Where God and Science meet: Living an abundant life** Date: *26 November* Time: 09:00-13:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*

Vakatures

❖ Villieria

Voltydse Medeleraar: Hierdie is 'n voorstedelike gemeente in die Moot van Pretoria. Die gemeente se missie is "'n Hand van Liefde en Hoop". Hulle streef daarna om die volgende waardes uit te leef: Verskeidenheid, Liefde, Omgee, Eenvoud en Diensbaarheid.

* Kliek hier om die volledige advertensie te lees.

Sluitingsdatum vir aansoeke: *11 November 2021.*

Diensaanvaarding geskied so vroeg as moontlik in *2022.*

Kontakpersone: Derick du Toit (082 958 0473) & Rehan Rheeder (083 288 7756)

❖ Overkruin

Medeleraar: Dié gemeente is geleë noord van die Magaliesberg in Wonderboom, Pretoria met ongeveer 1 409 belydende en 273 dooplidmate. Ons nooi gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om aansoek te doen vir 'n voltydse medeleraarspos.

* Kliek hier om die volledige advertensie te lees.

Sluitingsdatum vir aansoeke: *15 November* 2021**.**

Diensaanvaarding: *1 Maart 2022* of so spoedig moontlik daarna.

Navrae: Danie Kolver: [Voorsitter: Pre-advieskommissie – danie@klvr.co.za of 083 628 369] of ds Corné Randall [corne@ngoverkruin.org.za of 072 207 8350].

❖ Vergenoeg

Bestuurder: Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om 'n tuiste vir ouer persone (self-sorg en verswakte bejaardes) en aftree behuisingskema te bestuur. Die tuiste funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde kerklike organisasie en die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.

Diensaanvaarding vanaf: *1 Januarie 2022.* **Aansoeke**: 'n Volledige CV met stawende dokumente moet vóór *31 Oktober* gestuur word aan:bestuurder@huisvergenoeg.co.za. Die aansoeker aanvaar dat die aansoek onsukselvol was indien 'n diensaanbod nie vóór of op 01 Desember 2021 ontvang is nie.

❖ Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

Naskrif